Jaagduiwel Chaoties Waansinnig

Met dele van sy dryfstelsel en onderstel ontleen van die JCW Challenge-renmotor, beloof die Mini Cooper S John Cooper Works om dinamiet te wees – dis immers die kragtigste en vinnigste produksie-Mini ooit. Maar regverdig die emmersvol opwinding die stewige prys?

Binneruim-foto's: Duwyne Aspeling

Standaard-kenmerke	
Lugsakke	Voor/sykant/oorhoofs
Veiligheid	ABS/EBD/CBC/ASC+T/DSC/DTC/EDLC
Verkoeling	Klimaatbeheer
Klankstelsel	Radio/CD/MP3
Sentrale sluiting	Ja
Alarm/immob	Ja/ja
Togbebeer	Nee
Stuur-verstelling	Hoogte/diepte
Sitplekverstelling	Hand
Bekleding	Leer en materiaal
Aantal sitplekke	4
Misligte	Voor/agter
Sondak	Nee
Sensors	Bande/veërs/ligte
Parkeerhulp	Voor/agter/geen
Ligte	Halogeen
Isofix-hegpunte	Ja
Elektriese hulp	Vensters/spieëls

Mini Cooper S JCW

Die John Cooper Works-weergawe van Mini se immergewilde model kos sowat R50 000 meer as die Cooper S, R17 000 meer as Renault se hoogaangeskrewe Mégane F1 Team R26 en amper R50 000 meer as die Ford Focus ST, WIEL se blitsbuks-kampioen in ons onlangse Super 16-toekennings.

Vir 'n motor wat met soveel veragting sy neus optrek vir praktiese aspekte soos ruimte in die kajuit en bagasieruim is dit 'n stewige sommetjie geld. Grens dit aan geldgierigheid aan BMW se kant?

Die vervaardiger regverdig die R321 000 deur daarop te wys dat, vergeleke met die gewone Cooper S, die JCW 'n hele swetterjoel meganiese opgraderings ondergaan het. Dink aan JCW as Mini se ekwivalent van BMW se M-afdeling en die motor maak meer sin. Gewone Cooper S'e word van hul voorligte tot uitlaatpype gefynkam en veranderinge gemik op beter dinamika en verrigting word aangebring.

Onder die JCW se kort enjinkap (steeds met die vorige Cooper S se lugskepper, maar hierdie keer bloot kosmeties), beskik die 1,6 liter-turbopetrol onder meer oor die Challenge-renmotor se silinderblok en laerhulsel (*bearing housing*) – beide van liggewig, gegote aluminium – terwyl die suiers, silinderkop, inlaatkleppe en drukverhouding (laer as die Cooper S s'n) ook aangepas is.

Die gevolg hiervan is 155 kW teen 6 000 r/min en 260 Nm wat tussen 1 850 r/min en 5 600 r/min ontwikkel word (met 280 Nm beskikbaar vir 'n paar sekondes met volle versnelling) – genoeg vir 'n kraguitset van 97 kW per liter, beter as die Audi R8 (74 kW/liter), Ferrari 599 GTB (76 kW/liter) en Honda S2000 (89 kW/liter). Boonop word al

SPESIFIKASIES	Mini Cooper S JCW
	ENJIN
Silinders	Gelid-4, dwarsgemonteer
Brandstoftoevoer	Direkte elektroniese petrol-inspuiting,
	turbo, tussenkoeler
Boor x slag	77 mm x 85,8 mm
Verplasingsinhoud	1 598 cm³
Drukverhouding	10,5 : 1
Klepgang	DBNA, 4 kleppe per silinder, wis-
	selende kleptydreëling en opening.
	VERRIGTING
Maks. drywing ISO (kW)	155 kW @ 6 000 r/min
Maks. wringkrag (Nm)	260 Nm @ 1 850 r/min
	RATKAS
Ratte vorentoe	Sesgang handrat
1ste rat	3,308 : 1
2de rat	2,130 : 1
3de rat	1,483 : 1
4de rat	1,139 : 1
5de rat	0,949 : 1
6de rat	0,816 : 1
Trurat	3,231 : 1
Finale aandrywing	3,647 : 1
Dryfwiele	Voor
Hulpmiddels	Stabiliteitsbeheer
	WIELE EN BANDE
Padwiele	7J x 17 allooi
Handelsmerk	Dunlop SP Sport 01
Bandgrootte	(V) 205/45 R17 (A) 205/45 R17
Noodwiel	Geen-paploop
	REMME
Voor	316 mm x 22 mm gev. skywe
Agter:	280 mm x 10 mm soliede skywe
Veiligheidstelsels	ABS met EBD, BAS, CBC
	STUUR
Tipe	Tandstang en kleinrat met snelheid
	sensitiewe elektriese kraghulp
Kant tot kant	2,3
Draaisirkel	10,7 m
	VEERSTELSEL
Voor	MacPherson-stutte, teenkantelstaaf
Agter	Veelskakel, krulvere, teenkantelstaaf
	VERPLASINGSINHOUD
Sitplekke	4
Brandstoftenk	50 liter
Bagasieruim	136 - 592 dm³
	WAARBORG EN DIENSINTERVALLE
	3 jaar/75 000 km-waarborg
	3 jaar/75 000 km-onderhoudsplan
	Dienste (km): volgens boordrekenaar

BlitsGids	Mini Cooper S JCW	Mégane Renaultsport F1 Team R26	Opel Astra OPC
Enjintipe:	Gelid-4, turbopetrol	Gelid-4, petrol	Gelid-4, turbopetrol
Verplasing:	1 598 cm³	1 998 cm³	1 998 cm³
Kragsyfers:	155 kW/260 Nm**	169 kW/310 Nm	177 kW/320 Nm
0-100 km/h:	6,88 sek.	6,84 sek.	7,06 sek.
Topsnelheid:	235 km/h	237 km/h	240 km/h
Verbruik:	6,9 ℓ/100 km*	9,1 ℓ/100 km*	7,6 ℓ/100 km*
CO_2-uitlate:	165 g/km*	217 g/km*	179 g/km*
Basisprys:	R321 000	R304 000	R321 550
Internet:	www.mini.co.za	www.renault.co.za	www.opel.co.za

* Vervaardigersyfers

In dieselfde prysklas: Audi A3 Afslaankap 1,8T FSI Ambition (R313 500); Honda Accord 2,4 Executive (R316 900); Mazda MX-5 Roadster Koepee (R330 510); Volvo S40 T5 (R317 500)
Met dieselfde bakstyl: Volvo C30 T5 (R297 000); BMW 130i 3-deur (R342 000); Audi A3 2,0T FSI (R303 000); Ford Focus ST 3-deur (R272 690); Honda Civic Type-R (R290 900); Clio Renaultsport 2,0 3-deur (R237 000); Opel Corsa OPC (R243 950)

Toetsnotas

FR: R321 000 is darem 'n stywe prys om vir sulke eksklusiwiteit op te dok. Dieselfde geld kan 'n hele klompie aantreklike Audi's in jou motorhuis plaas, soos 'n oop A3 1,8T of 'n aansienlik meer substansiële A4 2,0 TDI. Natuurlik is daar die argument van opperste verrigting en renstel-hantering, die knus kajuit wat jou een met die motor maak, die baan-georiënteerde gevoel van die ratkas en voetpedale, en als wat deur jou sitvlak met jou praat. Maar dit bly 'n Mini, en teen die prys kyk ek beslis elders.

WL: Ek't aanvanklik gedink R300 000+ is belaglik baie geld vir 'n Mini, maar ná 'n paar ure agter die stuur is dit verstaanbaar waarheen die geld gaan. Daar is baie ander, kragtiger luikrûe wat hard in die stof sal byt wat verrigting en hantering betref. Die uitleg van die kajuit in hierdie Mini is sonder veel kritiek, maar meer ondersteunende sportsitplekke sal welkom wees. Dis die opwindendste Mini nóg.

Wat kan beter?

- **Meer ondersteunende sitplekke.**
- **Sommige opsies hoef regtig nie so duur te wees nie.**
- **'n Beter gehalte dak-voering in die kajuit.**

Toetse uitgevoer met

TOTAL

You know where to turn

die krag deur die voorwiele oorgedra.

Net Porsche se 911 Turbo (98 kW/liter) en 911 GT2 (108 kW/liter) lewer in ons mark meer met minder.

Tesame met die draaimoment wat sterk inskop net bo luierspoed draf die JCW die 100 km/h-lopie in slegs 6,88 sek. kaf voordat dit 'n topsnelheid van 235 km/h bereik (Mini moes 'n nuwe snelheidmeter, gemerk tot 260 km/h, vir hierdie model ontwerp).

Die enigste luikrug in ons mark wat opmerklik vinniger is, is die Subaru Impreza STI, wat R200 000 meer kos...

Dinge lyk selfs meer rooskleurig wanneer die JCW vrygelaat word van die beperkinge van die stad – daar val en stamp die laeprofiel paprybande deur elke gat en riooldeksel en die uitlaatpyp se plofgeluide, klankversterk wanneer dit van wolkekrabbers terugbons, trek die "verkeerde" aandag.

Op een van ons gunsteling stukke teer, die Fransch-hoekpas, was die motor betowerend. Danksy die elektroniese gly-beperkte ewenaar en 'n lang lys afkortings vir allerlei elektronika is greep op die vooras voortreflik. Veral deur haarnaalddraaie aangepak in tweede rat klou die voorste bande soos kougom aan 'n langhaarkat. Die stuur, elektronies gelaai teenoor die vorige model se hidrouliese werking, se lading is in die kol, met matige wringstuur onder versnelling. Ander kontakpunte, waaronder die ratkas (met 'n unieke hefboom met rooi syfers) en pedale, veral vir die remme, is volmaak gelaai en voel meganies onstuitbaar. 'n Sport-skakelaar, wat meer gewig aan die stuur verleen en die versneller se sensitiwiteit verskerp, is dus amper oorbodig.

> Die kraguitset per liter verplasingsinhoud word slegs deur Porsche geklop

Ons enige werklike punte van kritiek is 'n gebrek aan skouersteun in die sitplekke en demping wat soms deur skerp kruine uitgevang kan word (oor 'n stuk teer met talle welwings het die JCW sy maag twee keer geskuur).

Kosmeties verskil die JCW gering van gewone modelle. 'n Bakstel met dieper skorte en stampers, unieke 17 duim-wiele en twee dik, sentrale uitlaatpype rond die prentjie af. Terloops, Works-motors is slegs in swart, diepsilwer en rooi te kry.

In die kajuit is daar 'n paar JCW-kentekens, terwyl die swarthout-afwerking en 'n houtskool-dakmateriaal uniek is tot dié model. Laasgenoemde se swak gehalte doen afbreuk aan 'n binneruim wat oorwegend solied voel, maar dalk styl te veel voor substansie plaas.

Ander Mini-gebrekke bly – die agtersitplekke is slegs vir kleuterskolers ontwerp, terwyl die bagasieruim skaars genoeg ruimte het vir 'n naweek se kruideniersware.

TOETS-UITSLAE	Mini Cooper S JCW			
	SNELHEID (km/h)			
*Maksimum	235 @ 6 200 r/min			
Toerelimiet	6 500 r/min			
Snelheidsmeter	60	80	100	120
Ware snelheid	56	76	96	116
	VERSNELLING (sekondes)			
0-60	3,33			
0-80	4,97			
0-100	6,88			
0-120	8,90			
1 km naellopie	26,58			
Eindsnelheid	202,50 km/h			
	VERBYSTEEK-VERSNELLING (sekondes)			
	3de	4de	5de	6de
40-60	2,00	3,05	4,39	6,26
60-80	1,92	2,40	3,09	4,32
80-100	1,93	2,61	3,04	4,21
100-120	2,10	2,69	3,41	4,58
120-140	-	2,93	3,97	5,12
	VERBRUIK**			
Stad	9,2 ℓ/100 km			
Hoofweg	5,6 ℓ/100 km			
Gekombineerd	6,9 ℓ/100 km			
Geskatte reikafstand	604 km			
CO_2-uitlating	165 g/km			
	REMTOETSE			
100-0 (sek.)	2,72/3,00 (beste/swakste)			
Gemiddeld van 10	2,89/baie goed			
	(Gemeet in sek. van 'n werklike snelheid tot stilstand met intervalle van 30 sekondes op 'n goeie teeroppervlak)			
	GERAASVLAKKE (dBA)			
Luier	41			
60 km/h	64			
120 km/h	71			
	VERRIGTINGSFAKTORE			
Drywing/gewig (W/kg)	130			
Drywing/liter (kW/liter)	97			
Wringkrag/liter (Nm/liter)	175			
Vooroppervlak (m^2)	2,37			
Sleurkoëffisiënt (C_d)	0,36			
Gewig soos getoets (kg)	1 190			
Gewigverspreiding voor/agter (%)	63/37			
	(Bereken volgens "gewig soos getoets", bruto vooroppervlak, ratverhoudings en ISO kragleweringsyfers)			
	TOETSOMSTANDIGHEDE			
Hoogte	Seevlak			
Weer	Deels bewolk, warm, ligte bries			
Odolesing	4 460 km			

16/20

Gevolgtrekking

Die JCW se bestaansrede is om die Mini-ervaring so onverwater moontlik te maak. Dis 'n sportmotor, een wat aan die nek beetgekry moet word. In die stad voel die motor ongemaklik, soos 'n gemuilbande windhond net voor 'n honderesies – dit wil ontsnap!

Of die veranderinge bo die Cooper S werklik die aansienlike prysverskil werd is, is debatteerbaar – R50 000 koop darem heelwat brandstof.

Dan is daar die netelige kwessie van die Mégane F1 Team R26, 'n motor wat in die geskiedenisboeke opgeneem sal word as een van die opperste blitsbukse in Renault se bestaan. Dit bied meer ruimte, vergelykbare verrigting, ewe wonderlike hantering, 'n gemakliker rit en 'n meer realistiese basisprys.

Tog kies talle lede van die toetsspan die JCW vir sy innemende karakter en waansinnige geaardheid. Dis 'n motor wat jou laat glimlag, ongeag die omgewing, snelheid, of die aantal draaie. En van hoeveel motors kan ons dit sê, wat ook al die prys? ■